# Ons gee God se Hoop en liefde aan

# Diensnuus
# 19 April 2026

**09:30 Erediens/ Kategese**
**09:00 Botrivier Erediens**
**09:00 Soliatiere Erediens – Ds. Awie Brand**





## 01 DAGBOEK :

23 April – Dienssentrum ete
27 April – Vryheidsdag
29 April – CANSA stap
1 Mei - Werkersdag
3 Mei – DANKOFFERSONDAG

## ONS BID VIR :

Stoffel Niemand

Pieter Le Riche

Sugnet van Sittert

Bennie Basson

*Ons bid vir al ons boere in hierdie tyd. Mag die Here voorsien in elke behoefte, die arbeid van hul hande seën en hulle lei met insig en moed.*

## 02 LANGTERMYN ONDERSTEUNING:

Leoni Blom

Riëtte Steyn

## 03 UITNODIGING OM SAAM TE BID:

**Waar:** Kleinsaaltjie (Dienssentrumsaal)

**Wanneer:** Sondae vanaf 12 April
08:45–09:20
**Sien Bladsy twee vir meer inligting**

Ons visie is: Om God se hoop en liefde aan te gee



## 04 DIENSSENTRUM ETE:

**23 April**

Solitaire
Wyk 5
Wyk 17

## 05 ALGEMENE INLIGTING:

**Wykbyeenkomste:**
Langkloof- Sondag 19 April 17:00

**SAAM BID**
Woensdae oggende: 06:45 Laerskool Overberg
Donderdae oggende: 05:00 Gebedskamer

SnapScan is beskikbaar tussen banke. Dankie
https://pos.snapscan.io/qr/PXA0221

## 06 DIENSBEURT:

**19 April**
Berg

*Baie dankie*

**26 April**
Crassula

## Uitnodiging om saam te bid:

Op 1 Maart 2026 was dit een jaar na Eenwording van ons twee gemeentes.  Ons het telkens vir mekaar die vraag gestel: Hoe kan ons God beter saam dien?  Dit bly 'n groot voorreg om te sien hoe ons God saam dien as Sy kinders.

Soos ons gemeente uitbrei, sien ons nuwe geleenthede raak wat areas soos: ons hulp in nood, ons geboue en ons finansies raak.

Hier kom ons roeping in – om in gebed te luister wat ons Koning beveel.Ons visie is: Om God se hoop en liefde aan te gee. Dit is ons toets aan al ons aksies.Ons as gemeente gaan saam bid oor ons roeping (hoe ons by die visie uitkom).

Waar: **Kleinsaaltjie (Dienssentrumsaal)**
Wanneer: **Sondag 19 April, 08:45–09:20** (en daaropvolgende Sondae)

Metode:
1. Ons lees saam uit God se Woord
2. Ons eerste gesprekspunte:

- Wat sien ons raak in Caledon? (Wat gebeur in die dorp wat ons roeping raak?)
- Wat het ons reeds? (Waarmee het God ons geseën en waar/hoe kan ons tot seën wees?)
- Wat moet ons doen? (Wat vra verdere aandag en betrokkenheid?)

3. Bid saam

Almal is welkom om die geleenthede by te woon en saam te bid vir God se leiding.

---

## Sondag 19 April Verootmoediging:

Sondag rig ons weer spesiaal ons gedagtes op die Heilige en Almagtige God wat genadiglik baie geduld en liefde vir ons het.

Ons fokus Sondag op verootmoediging en voorbidding.  Ons herbevestig ons toewyding en afhanklikheid in die Here. So met die aanvang van planttyd raak dit simbolies vir al ons bedrywighede, besighede, ander sektore in ons gemeenskap. Ons almal het `n tipe planttyd in ons lewens.

Daarom doen ons toewyding wat almal raak.  Deurlopend is ons as gelowiges in afhanklikheid voor die Here, en Sondag wil ons dit net weer spesiaal bevestig.

Ons kan niks in ons lewens aanpak sonder om bewus te wees van ons afhanklikheid van God nie.  Ons vertroue lê in Hom.  Ons bely dit saam as gemeente.

Daarom nooi ons jou na Sondag se erediens vir verootmoediging.

# Preeknotas: 19 April 2026

## Psalm 121 My hulp kom van die Here

**<u>19 April 2026 verootmoediging</u>**

Drome speel `n groot rol in ons lewens. Soms kry ons nagmerries.

Het jy `n nagmerrie wat herhaal? Of wat jy nooit sal vergeet nie?

- Soms is die lewe bietjie van `n nagmerrie

Die konteks van Psalm 121 is ook so bietjie van `n nagmerrie.

Mens sou die tema van die berge op 3 maniere kon verstaan:

1. **Letterlik**
   Die berge sou dan letterlik die uitdaging wees wat die pelgrim moes oorsteek op pad na Jerusalem. Die veiligheid van gelowiges in die berge is in gedrang omdat daar dikwels bende rowers was wat in die berge gebly het en mense daar beroof het. Dink aan die verhaal van die Barmhartige Samaritaan.
2. **Meer simbolies**
   Die berge sou kon verwys na die berg waarop die Tempel gebou is, en ook die tema van God wat gereeld vanaf die berg gepraat het. Of dikwels het God Homself op die berg geopenbaar. So die pelgrim gaan op na die berg, waar die hulp van die Here kom.
3. **Metafories-mitologies**
   Die berge was dikwels gesien as die plekke waar die berg-gode gewoon het. Hulle was afgode van baie stamme in daardie tyd. Die gode sou dan sorg vir veiligheid, voortplanting, genesing en goeie oeste. Sou my hulp van hulle kom? Nee, ons hulp kom van die Here wat die Skepper God is. Die teenstelling dra dan `n sterk belydenis en geloofsvertroue oor.

Die God van die Verbond, wat die Skepper en onderhouer is, is die Enigste God. Hy is ewig en getrou.

Hy is Skepper,

Beskermer van Israel en ook

die Beskermer van jou(persoonlik).

- Verootmoediging lê op `n konstante lyn.
  God is die konstante. Ons verhouding met Hom is nie `n momentele ding nie. Ewig en gedurig.

In ons nagmerrie kom breek die Beskermer God wonderbaarlik in:

- Immanuel, God met ons.

Ons geloofsgetuienisse hou ons op die pad van die Beskermer.

Ons geloof bemoedig en versterk ook mekaar.

## Opdragte uit die Woord: Hulp aan Haweloses

**In Matteus 5** herinner Jesus ons dat die geseëndes dié is wat afhanklik van God is, die sagmoediges, die vredemakers, die barmhartiges. In onseker tye roep hierdie woorde ons om op te staan en prakties hoop en liefde aan te gee.

**Ons beplan 'n diensprojek om Haweloses in Caledon by te staan.**

**Wil jy help?**

- Bid saam.
- Bring hande om te help.
- Gee liefde en praktiese ondersteuning.

**Hoe om aan te meld**

Gee jou naam by een van die volgende: Oom Wella; Tannie Gerrie; Dewald; Kerkkantoor.

Deur jou aanmelding kan ons die span saamstel en die plan verder bespreek.

---

## VERJAARSDAE:

| Naam | Van | Verjaardag |
|---|---|---|
| Janeske | Brits | 04/17 |
| Hennie | De Wet | 04/17 |
| Johannes | Hauman | 04/17 |
| Rina | Matthee | 04/17 |
| Xander | Britz | 04/18 |
| Esté | De Villiers | 04/18 |
| Wjorn | Gunter | 04/18 |
| Rudi | Oosthuyse | 04/18 |
| Réleen | Swart | 04/18 |
| Hennie | Swartz | 04/18 |
| Charl | Van Rooyen | 04/18 |
| Corina | Van Wyk | 04/18 |
| Jan-Olivier | Fick | 04/19 |
| Johan | Jackson | 04/19 |
| Chantè | Johnson | 04/19 |
| Marliné | Van Zyl | 04/19 |
| Craig | Bester | 04/20 |
| Rinus | Beukes | 04/20 |
| Linde | Delport | 04/20 |
| Frederick | du Toit | 04/20 |
| Abraham Izak | Faure | 04/20 |
| Josua | Blom | 04/21 |
| Adele | De Kock | 04/21 |
| Elsa | Gouws | 04/21 |
| Saretta | Otto | 04/21 |
| Pine | Pienaar | 04/21 |
| Emma | Uys | 04/21 |
| Jac | Bosman | 04/22 |
| Jan | Conradie | 04/22 |
| Elrenette | Fourie | 04/22 |
| Anne-Marie | Steensma | 04/22 |
| Wynanda | van Zyl | 04/22 |
| Gerhard | Cloete | 04/23 |
| Nadine | Fick | 04/23 |
| Pierre | Giliomee | 04/23 |
| Johalene | Rousseau | 04/23 |
| Joanne | Uys | 04/23 |
| Hein | Vivier | 04/23 |
| Helena | Eillert | 04/24 |
| Markus | Fourie | 04/24 |
| Patrys | Mac Farlane | 04/24 |
| Chrisli | Vermeulen | 04/24 |
| Alicia | Cloete | 04/25 |
| Maricke | Du Toit | 04/25 |
| Sandra | Swart | 04/25 |
| Esther | Theunissen | 04/25 |
| Gerrie | Van Rensburg | 04/25 |
| Marika | Basson | 04/26 |
| Nelius | Le Roux | 04/26 |
| Elsabé | Le Roux | 04/26 |
| De Wet | Volschenk | 04/26 |
| Rigardt | Volschenk | 04/26 |

## CANSA STAP:




---

## MaranathaVoedsel projek:

Ons as gemeente reik weekliks uit na werklose en hawelose mense in ons gemeenskap.
Bid saam vir hulle eensaamheid en ellende.

Bid vir hul verlossing in Jesus Christus. Ons hou rekord van elkeen se verhaal en belowe om vir hulle te bid en te help waar moontlik.

Bv warm klere en komberse, werkverskaffing, respek, aanmoediging en kos dmv die Maranatha voedselprojek.

Valerie Dummons

